
KOMMUNIKASIELAB | COMMUNICATION LAB

Effektiewe mediakommunikasie

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

Skryf jy mediaverklarings vir koerante en die radio, promosiemateriaal, e-posse en inhuispublikasies? Word saam met ons 'n nóg beter skrywer – ons fokus op struktuur en styl, aanvaarbare taal, etiek en resultate.

Waarop fokus hierdie kursus?

Hierdie aanlyn kursus wat in Engels aangebied word, sal jou blootstel aan die jongste tegnieke om doeltreffend en met selfvertroue vir verskillende sosialemediaplatforms te skryf.

Jy sal leer om jou storie effektief oor te dra met taalgebruik wat verstaanbaar is, jou skryfstyl verbeter en meer oor effektiewe skryfstrategieë en -tegnieke leer. Jy sal 'n oorsig oor etiese vraagstukke kry en verstaan hoe belangrik akkuraatheid en feitelike korrektheid is.

Wie is die aanbieder?

Barbara Hathorn is 'n ervare taalpraktisyn met 'n agtergrond in joernalistiek, onderwys, linguistiek, redigering en skryfwerk. Sy is ook 'n volle lid van die Professional Editors' Guild (PEG) in Suid-Afrika. Met haar sagte aanslag is Barbara die ideale aanbieder om kursusgangers te help om 'n goeie besigheidskryfstyl en skryfgewoontes te ontwikkel.



Wie kan dit bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

As jy persverklarings, promosiemateriaal, publikasies en blogs skep, is hierdie kursus net die ding vir jou!

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die regstreekse aanlyn sessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

Is daar enige voorvereistes?

Hierdie is nie 'n intreevlakkursus nie en naskoolse opleiding in joernalistiek of werksondervinding in hierdie rigting word sterk aanbeveel.

Jy sal 'n rekenaar en betroubare web soekenjin benodig wat ons aanlyn platforms (MS Teams en SUNOnline) kan hanteer en jy sal 'n betroubare internetverbinding nodig hê om vir die regstreekse aanlyn sessies aan te meld. Jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

Waar en wanneer vind dit plaas?

Ons gemengdeleer-kursusse kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, met aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie aanlyn kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline-teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

	Duur van die kursus (openings- en sluitingsdatums)	Regstreekse aanlyn sessies (10:00 tot 12:00)	Skryf in voor
Kursus 1:	11 Junie tot 27 Augustus	7, 14, 21 en 28 Julie, en 4 en 11 Augustus	20 Junie

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee uur per week op 'n regstreekse aanlyn sessie
- ongeveer vyf uur per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

Wat kos dit?

Die kortkursusfooi is R5 724 per deelnemer, wat kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooi moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik hier https://bit.ly/2022_MEDIA_Infopage_forms en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.

Enige verdere vrae?

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoefte met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.